

Sondag 13 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

Is dit net ons wat swaarkry as gevolg van ons geloof?

Johannes het nie net die oop deur voor hom gesien nie, hy het ook 'n stem gehoor wat uit die hemel met hom gepraat het en hom beveel het om deur die oop deur in die hemel in te stap, sodat God aan hom kan openbaar wat alles nog moet gebeur.

Dit was die stem van die Here Jesus Christus wat op die strand aan Johannes verskyn het, en wat nog die hele tyd met Hom besig is. By sy verskyning het die Here Jesus al sy almag openbaar en dat Hy sleutels het waarmee Hy die lewe oopsluit of toesluit.

In hierdie vriendelike en genadevolle verskyning was die heerlikheid van die Here nog steeds meer as wat 'n mens kan hanteer. Johannes het dit so ervaar:

"Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk" (Op. 1:17, 18).

Sing: Psalm 136-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)